- Verstel of vervang masjinerie om geraasvlakke te verminder. √√

Identifikasie: (2)
Uitdagings: (Enige 3 x 2) (6)
Beheer/strategie: (Enige 3 x 2) (6)
(Maks 10)

5.2.2 Mark-omgewing √√**1. Uitdaging:**

- Verloor marktaandeel aan die mededinger (opening van nuwe meubel vervaardigingsbesigheid). √√

Beheer/strategieë/praktiese wyses

- Verbeter die kwaliteit van die produkte deur kwaliteitsbeheer. √√
- Begin met 'n advertensie veldtog. √√
- Adverteer die besigheid in die plaaslike koerant. √√

- Spesiale aanbiedinge op sekere dae. √√
- Kompetisie om verbruikers te lok vir groter aankope. √√
- Markindringing, mark ontwikkeling en produk ontwikkeling. √√
- Defensiewe Strategie: Aflegging, Afstanddoening van bates en likwidasië. √√
- Enige strategie verwant aan mark aandeel. √√

2. Uitdaging:

- Behou huidige verbruikers/kliënte. √√

Beheer/strategieë/praktiese wyses

- Strategie verwant aan handelsmerk/produk lojaliteit. √√

3. Uitdaging:

- Veldbrande gedurende die droë seisoen het 'n ernstige impak gehad op die aanbod van rou materiale wat produksie belemmer het.

Beheer/strategieë/praktiese wyses

- Onderhandel met nuwe verskaffers om rou materiale aan te bied teen redelike pryse.

Identifikasie (2)
 Uitdagings: (enige 3 x 2) (6)
 Beheer/Strategie: (enige 3 x 2)(6)
 (Maks 10)

NOTA: Maksimum vir 3 omgewings is 30

5.2.3 Makro omgewing√√

1. Uitdaging:

- Verhoging in rentekoerse. √√

Beheer/strategieë/praktiese wyses

- Verlaging van leningskuld bv. betaal skuld vroeër af. √√
- Sny kostes en skakel die behoefte uit om te leen. √√
- Verhoog produktiwiteit om sodoende uitset te verhoog. √√
- Verhoog omset deur pryse te verlaag en daardeur 'n groter marktaandeel te bekom. √√
- Verhoog kapitaal bydra, verkoop aandele, aanvaar 'n nuwe vennoot. √√

2. Uitdaging:

- Goedkoop invoer van huishoudelike meubels beïnvloed die maatskappy en sal in die toekoms ook indiensname beïnvloed. √√

Beheer/strategieë/praktiese wyses

- Koukus met die regering om ondersoek in te stel na wyses waardeur die invoere van goedkoop meubels beheer kan word bv. deur die verhoging van invoerbelastinge. √√
- Verbeter die kwaliteit van die produk. √√
- Volume produksie. √√

3. Uitdaging:(Kan ook bespreek word as 'n uitdaging binne die Mikro besigheidsomgewing)

- Geraasbesoedeling as gevolg van die hoë volume geraas veroorsaak deur masjinerie. √√

Beheer/strategieë/praktiese wyses

- Koop masjinerie met laer geraasvlakke. √√
- Voldoen aan wetgewing in terme van geraasbesoedeling. √√

4. Uitdaging:

- Geen vakunie om arbeidsgriewe op te neem met bestuur nie. √√

Beheer/strategieë/praktiese wyses

- Bestuur kan beamptes van vakunies uitnoui om werknemers in te lig oor voordele om aan so 'n organisasie te behoort. √√

5. Uitdaging:

- Afname in verkope. √√

Beheer/strategieë/praktiese wyses

- Voldoen aan vereistes van die Nasionale Krediet Wet klagte om aansoek proses te verhaas.vetting

Identifikasie (2)
Uitdagings: (enige 3 x 2) (6)
Beheer/strategieë: (enige 3 x 2) (6)
(Maks 10)

Nota: Waar 'n uitdaging bespreek is onder 'n ander besigheidsomgewing moet dit gemerk word binne die konteks van die mate van beheer van bestuur oor die uitdaging in die besigheid. The uitdaging kan geplaas word onder 'n ander besigheidsomgewing maar die besigheidsstrategieë moet verskil

NOTA: Maksimum vir 3 omgewings is 30.

5.3 Aanbevelings:

- Bly in die sekondêre sektor gebaseer op die implementering van die bogenoemde strategieë. ✓✓
- Pas vertikale integrering toe by vervaardiging, bv. kantoormeubels. ✓✓
- Verander die verspreidingsbeleid vir bv. direkte bemaking. ✓✓
- Enige ander aanbeveling om groei en volhoubaarheid te verbeter.

(Enige 2 x 2) (Maks 4)**5.4 Gevolgtrekking**

- Uitdagings is altyd teenwoordig en moet daarom bestuur word. ✓
- Die besigheid moet die toepaslike strategie/strategieë implementeer om uitdagings te oorkom. ✓

(2 x 1) (2)**Subtotaal 39: Maks 32****Uiteensetting van punte toekenning:**

Opteenstelling van punte toekenning.

Besonderhede	Maksimum	Verminder na	Subtotaal	Totaal
Inleiding			3	Maks 32
Mikro Omgewing	Identifikasie 2	Maks. 10	30	
	Uitdagings 6			
	Beheer Strategieë 6			
Mark Omgewing	Identifikasie 2	Maks. 10		
	Uitdagings 6			
	Beheer Strategieë 6			
Makro Omgewing	Identifikasie 2	Maks. 10		
	Uitdagings 6			
	Beheer Strategieë 6			
Aanbeveling			4	
Gevolgtrekking			2	
INSIG *(SASO)				
Struktuur				2
Analise, Interpretasie				2
Sinteses				2
Oorspronklikheid, Voorbeelde				2
TOTALE PUNTE				40

SASO – Ken 2 punte toe indien alle vereistes nagekom is.*Ken 1 punt toe indien aan sommige vereistes voldoen is.****Ken 0 punte toe waar aan geen vereistes voldoen is nie.**

VRAAG 6

Verskeie kriteria beïnvloed die sukses of mislukking van 'n onderneming. Voornemende besigheidspersone moet die nodige oorweging skenk aan hierdie kriteria wanneer die ondernemingsvorm gekies word.

Bespreek die invloed van kapitaal, bestuur, verdeling van winste en wetgewing as faktore wat tot die sukses of mislukking van 'n eenmansaak en beslote korporasie kan bydra.

Maak, op grond van bogenoemde faktore, 'n aanbeveling rakende die soort eienaarskap aan 'n entrepreneur wat 'n klein besigheid wil begin wat skoene verkoop. Regverdig die redes vir jou aanbeveling. (LO 2 AS 8)

6.1 Inleiding

- Die regte keuse van ondernemingsvorm is belangrik wanneer 'n besigheid begin word. ✓
 - Die ondernemingsvorm beïnvloed die mislukking of sukses van die besigheids onderneming. ✓
 - Die Finansiële bestuur binne die organisasie speel 'n belangrike rol in die sukses of mislukking van die besigheid. ✓
 - Enige relevante inleiding rakende ondernemingsvorme en die sukses faktore.
- (3 x 1) (3 maks)**

6.2 Faktore wat kan bydra tot die sukses of mislukking van 'n eenmansaak en beslote korporasie.

**NEEM KENNIS: Die volgende faktore kan ook in tabelvorm gegee word.
Faktore gegee onder elke ondernemingsvorm, ken punte toe soos per memorandum**

a. Kapitaal**Eenmansaak**

- Kapitaal van die eenmansaak hang af van eienaar se bydraes van sy/haar besparings. ✓✓
 - Eenmansaak kan leen van finansiële instellings. ✓✓
 - Indien die eenmansaak se kredietwaardigheid is nie gesond is nie, kan hy/sy ingebreke bly om genoegsame kapitaal van finansiële instellings te bekom en dit kan lei tot besigheids mislukking. ✓✓
 - Die eienaar kan sy/haar aandele wat hy/sy het in ander maatskappye of versekeringspolisse seeder ten einde kapitaal te bekom. Dit kan lei tot die sukses van die besigheid. ✓✓
 - Kan sy investering/vaste deposito seeder ten einde kapitaal te bekom.
- (enige 2 x 2) (4)**

Beslote korporasie

- Elke lid dra by tot die kapitaal van die korporasie in die vorm van finansies, bates of dienste. ✓✓
- Bydraes van lede mag vermeerder of verminder slegs met goedkeuring van alle lede. ✓✓
- Gekombineerde bates van lede verskaf beter sekuriteit vir lenings vanaf finansiële instellings. ✓✓
- BK kan ledetal vermeerder as 'n manier om fondse te verkry of te vermeerder vir die besigheid. ✓✓
- Beperkings in ledetal kan groei en uitbreiding belemmer. ✓✓

(enige 2 x 2) (4)**b. Bestuur****Eenmansaak**

- Die eienaar bestuurder is instaat om vinnige besluite te maak ten einde voordeel te trek uit moontlikhede en beskerming teen beperkinge. ✓✓
- Indien die bestuurder 'n tekort het aan bestuurs ondervinding en vaardighede, sal dit lei tot mislukking van die besigheid. ✓✓
- Indien die bestuurder innoverend, ervare en kreatief is, sal dit die sukses van die besigheid verbeter. ✓✓

(enige 2 x 2) (4)**Beslote korporasie**

- Alle lede van 'n BK neem aktief deel aan die bestuur van die besigheid. ✓✓
- Alle pligte van elke lid is duidelik omskryf en is ooreenkomstig sy/haar vaardigheid in bestuur. ✓✓
- 'n Lid van die BK kan die besigheid bind in transaksies met derde partye wanneer gemagtig of nie. Dit mag die sukses van die besigheid negatief beïnvloed. ✓✓

(enige 2 x 2) (4)**c. Verdeling van winste****Eenmansaak**

- Die eienaar is geregtig op die totale wins of verlies wat deur die besigheid gemaak word. ✓✓
- Dit sal die eienaar motiveer om die kwaliteit van die produk wat verkoop word of dienste gelewer te verbeter. ✓✓
- Die eienaar wil sy bestuurs vaardighede verbeter en dit sal positief bydra tot die sukses van die besigheid. ✓✓

(enige 2 x 2) (4)

Beslote korporasie

- Wins verdeling is gebaseer op die lid se belang. ✓✓
- Persentasie van individuele lede word bepaal deur wedersydse ooreenkoms. ✓✓
- Verdeling van winste van lede word gedoen onder omstandighede, bv. indien bates die laste oorskry of wanneer dit moontlik is om skulde te betaal onder normale besigheids operasies. Indien hierdie toestande na gekom word, kan dit positief bydra tot die sukses van die besigheid. ✓✓

(enige 2 x 2) (4)**d. Wetgewing****Eenmansaak**

- Eenmansake het geen wetlike aanspreeklikhede waaraan voldoen moet word nie. ✓✓
- Dit moet geregistreer wees by die Ontvanger van Inkomste en Ongevalle Fonds ✓✓
- Dit moet ook die Ontvanger van Inkomste en Ongevalle Fonds inlig wanneer die besigheid eindig. ✓✓
- Dit moet voldoen aan Nywerheids en besigheids wetgewing. ✓✓
- Dit moet voldoen aan die gesondheid en veiligheid regulasies van plaaslike owerhede. ✓✓
- Is nie 'n regs persoon. ✓✓

(enige 2 x 2) (4)**Beslote korporasie**

- Dit is 'n wettige persoon apart van sy lede. ✓✓
- Kan bedryf word in sy eie naam, eie bates en laste. ✓✓
- Dit kan roerende en onroerende bates in sy eie naam registreer. ✓✓
- Wettige vereistes soos stigtings verklaring. ✓✓

(enige 2 x 2) (4)**NOTA: MAKSIMUM vir faktore is 32.****6.3 Aanbeveling:****Antwoord 1:** Eenmansaak: ✓✓ Kapitaal – klein bedrag ✓✓**OF****Antwoord 2:** Beslote Korporasie: ✓✓ Kapitaal – in staat om lede te beskerm ten einde aan die besigheid te behoort om meer kapitaal te voorsien. ✓✓**OF**

Tipe van eienaarskap wat gekies word moet motivering op sukses

faktore insluit

(1 x 4) (4)

6.4 Gevolgtrekking:

- Van bogenoemde bespreking is dit duidelik dat hierdie faktore kan bydra tot die sukses of mislukking van die besigheid. ✓
- Bestuur moet dit in gedagte hou wanneer hulle 'n besluit neem. ✓
- Enige relevante gevolgtrekking tot die vraag.

(2 x 1) (2)

SUBTOTAAL: 39: MAKS 32**Uiteensetting van puntetoekenning:**

Oreënsetting van puntetoekenning.				
Besonderhede	Maksimum	Verminder na	Subtotaal	Totaal
Inleiding			3	Maks 32
Kapitaal	Eenmansaak 4	Maks 8	32	
	Beslote korporasie 4			
Bestuur	Eenmansaak 4	Maks 8		
	Beslote Korporasie 4			
Verdeling van winste	Eenmansaak 4	Maks 8		
	Beslote Korporasie 4			
Wetgewing	Eenmansaak 4	Maks 8		
	Beslote Korporasie 4			
Aanbeveling	4			
Gevolgtrekking				2
INSIG *(SASO)				
Struktuur				2
Analiseer, Interpretasie				2
Sinteses.				2
Oorspronklikheid, Voorbeelde				2
TOTALE PUNTE				40

***SASO – Ken 2 punte toe indien alle vereistes nagekom is.
Ken 1 punt toe indien aan sommige vereistes voldoen is.
Ken 0 punte toe waar aan geen vereistes voldoen is nie.**

VRAAG 7

In Suid-Afrika is baie besigheidsmense hoogs suksesvol in hulle besigheids-ondernemings. Dit kan toegeskryf word aan verskillende bestuur- en leierskap-style wat hulle onderskeie besigheidsorganisasies volg.

Onderskei kortliks tussen bestuur en leierskap en bespreek dan DRIE verskillende bestuurs- en leierskapstyle wat uitstaande sukses vir die besigheid verseker. Gebruik voorbeelde om die toepassing van hierdie style in die werkplek te bespreek. (LO 3AS 5)

7.1 INLEIDING:

- Menige besigheidspersone is vandag vertrouwd met verskillende leierskap- en bestuursstyle wat aangeneem word in hul besigheidsonderneming. ✓
- Hul sal verskillende style toepas en kies en aanpas tot die styl hul ervaar werk vir hul besigheid. ✓
- Die volgende is die mees algemene bestuurs- en leierskapstyle: Outokratiese styl, Laissez-Faire (Vrye bestuurstelsel) en demokratiese leierskapstyl. ✓
- Enige ander relevante antwoord verwant aan die inleiding.

(Maks: 3)**7.2 Onderskei tussen bestuur en leierskap****Bestuur**

- Bestuur is die proses om dinge af te handel deur uitoefening van verantwoordelikheid wat voort vloei uit die bepaalde posisie. ✓✓

Leierskap

- Leierskap is om mense te inspireer om presteerders te word. Hulle beskik in die algemeen oor spesiale aangebore karaktertrekke of persoonlike eienskappe. ✓✓

Nota: Antwoord kan ook in tabelvorm gegee word.

(Maks 4)**7.3 Beskrywing van leierskap/bestuursstyle. (Enige DRIE)****7.3.1 Outokratiese leierskapstyl/Outoritêre style/Baas gesentreer: ✓✓****(2)**

- Die leier gee riglyne en instruksies as 'n wyse van kommunikasie aan ondergeskiktes. ✓✓
- hy maak al die besluite alleen met min of geen oorweging van die behoeftes van ondergeskiktes. ✓✓
- Ondergeskiktes word vertel wat om te doen en hoe om dit te doen sonder om insette of voorstelle te maak. ✓✓
- Hierdie soort leierskapstyl kan gebruik word wanneer die besluite geïmplimenteer word van bestuur. ✓✓
- Kan gebruik word wanneer die bestuurder al die inligting het wat benodig word om die probleem op te los. ✓✓

- Behoort gebruik te word met groot versigtigheid aangesien dit die ondergeskiktes (navolgers) negatief kan motiveer. ✓✓
- Die bestuursstyl mag lei tot krisis situasies binne die organisasie. ✓✓
- Enige ander inligting rakende die outokratiese styl.

KOMMENTAAR/TOEPASSING

- Hierdie styl van bestuur kan gebruik word deur bestuur wanneer beleid geïmplementeer word van die besigheid en Regerings Wetgewing. ✓✓
- Gebruik wanneer met werknemers gewerk word wat nie hul samewerking gee in die werkplek nie. ✓✓
- Gebruik onder krisis situasies. ✓✓
- Enige relevante antwoord verwant aan die outokratiese styl.

Tipe: 2
(Enige 5 x 2) (10)
Kommentaar/Toepassing (2)
Maks: 10

7.3.2 Laissez-Faire / Vrye-bestuursleierskap styl: ✓✓ (2)

- Die leier is nie deel van die besluitneming maar laat werknemers to om al die besluite te neem binne die raamwerk van die beleid. ✓✓
- Die leier raak slegs betrokke wanneer hy versoek word. ✓✓
- Die leier bly steeds verantwoordelik en verantwoordbaar vir die werknemers se besluite en optredes. ✓✓
- Dit mag lei tot frustrasie aan die kant van werknemers indien hul onervare is en nog die vertroue van die leier verdien het nie. ✓✓
- Die styl is toepaslik wanneer die leier sy werknemers bemagtig deur die delegering van take. ✓✓
- Enige ander relevante inligting rakende die outokratiese styl.

KOMMENTAAR / TOEPASSING

- Hierdie styl werk goen wanner die werknemers kundig, ervare en hoogs gekwalifiseerd is om situasies te analiseer en oplossings te bied. ✓✓
- Enige relevante antwoord verwant aan Laissez - Faire. ✓✓

Tipe: 2
(Enige 5 x 2) (10)
Kommentaar/Toepassing 2
Maks: 10

7.3.3 Deelnemende Leierskap Styl/Demokratiese leierskapstyl. ✓✓ (2)

- Die leier betrek die ondergeskiktes in besluitneming, beleidsformulering en probleemoplossing. ✓✓
- Die leier verlang die opinie en idees van ondergeskiktes, alhoewel die leier verantwoordelik bly en die mag het om die finale besluit te maak. ✓✓
- Die leierskap styl verbeter werknemers se motivering en help die leier om die ondersteuning van ondergeskiktes te wen wie deel voel van die span. ✓✓

- Beter besluite word gemaak. ✓✓
- Hierdie styl is tydrowend veral indien verskillende idees bespreek word. ✓✓
- Sommige leiers is onwillig om hierdie styl te gebruik omrede hul dit mag sien as 'n teken van swakheid om advies te vra van ondergeskiktes. ✓✓
- Enige ander relevante

KOMMENTAAR / TOEPASSING

Hierdie benadering tot bestuur is veral toepaslik onder die volgende omstandighede:

Wanneer die leier deel in die inligting en die ondergeskiktes oor 'n ander deel beskik. ✓✓

- Wanneer die leier die ervaring het en hy het nodig om te konsulteer met die ondergeskiktes. ✓✓
- Die leier wil motivering opbou tussen werknemers en betrek hul daarom in die besluitnemingsproses. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord verwant aan outokratiese styl. ✓✓

Tipe: 2
(Enige 5 x 2) (10)
Kommentaar/Toepassing 2
Maks: 10

7.3.4 Charismatiese Leierskapstyle : ✓✓

(2)

- Die leier gebruik persoonlike sjarme, inspirasie en emosie eerder as mag en outoriteit om ondergeskiktes te beïnvloed of te lei. ✓✓
- Die leier dien as 'n rolmodel en mense volg hom. ✓✓
- Die leier het visie en is in staat om goed met ander te kommunikeer. ✓✓
- Die leier prys ondergeskiktes, selfs vir die kleinste suksesse behaal. ✓✓
- Charismatiese leiers is onverdraagsaam teenoor veranderinge en hul sien hulself as onvervangbaar. ✓✓
- Hierdie leier het goeie waardes en kan die maatskappy lei tot groter sukses. ✓✓
- Hierdie style word algemeen gebruik deur politikusse, religieuse leiers en besigheidsspanne. ✓✓
- Enige ander relevante inligting rakende charismatiese leierskapstyl.

KOMMENTAAR / TOEPASSING

- Hierdie tipe bestuursstyl word gebruik wanneer die bestuur 'n lae moraal identifiseer tussen die werknemers. ✓✓
- Word gebruik as 'n metode om werknemers te motiveer. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord verwant aan die Charismatiese styl.

Tipe: 2
(Enige 5 x 2) (10)
Kommentaar/Toepassing 2
Maks: 10

7.3.5 Veranderings/Transformasie leierskap : √√ (2)

- Die leier het visie, passie en voer ondergeskiktes met entusiasme om hul vermoë tot sukses te verhoog. √√
- Die leier gee om oor sy ondergeskiktes. √√
- Die leiers ontwikkel 'n visie vir die organisasie en verkooop dit aan sy ondergeskiktes en oortuig hul om die visie te volg. √√
- Enige ander relevante antwoord van toepassing op veranderings/transformasie leierskap. √√

KOMMENTAAR/TOEPASSING

- Hierdie leierskapstyle kan gebruik word om ondergeskiktes te motiveer en te inspireer. √√
- Hierdie leierskapstyl is toepaslik wanneer 'n organisasie verandering/transformasie ondergaan. √√
- Enige ander relevante antwoord verwant aan die veranderings/transformasiestyl.

Tipe: 2
(Enige 5 x 2) (10)
Kommentaar/toepassing 2
Maks: 10

7.3.6 Situasië Leierskapstyle : √√ (2)

- Hierdie leierskapstyle is afhanklik van die volgende faktore:
- Magte binne die organisasie. √√
- Afstandsfaktore buite die organisasie mag die leier persoonlik beïnvloed sowel as sy prestasie. √√
- Hoogs gemotiveerde werkers laat die leier toe om die rol van fasiliteerder aan te neem. √√
- Werkers wat konstant leiding en motivering nodig het veroorsaak dat die leier die rol inneem van 'n outokratiese leier. √√
- Die sukses van die leierskapstyl is afhanklik van die tipe van verhouding wat bestaan tussen die leier en sy ondergeskiktes. √√

KOMMENTAAR/TOEPASSING:

- Die toepassing van die styl hang af van die spesifieke situasie/omstandigheid wat binne die organisasie bestaan. √√
- Enige ander relevante antwoord verwant aan situasie leierskapstyl.

Tipe: 2
(Enige 5 x 2) (10)
Kommentaar/Toepassing 2
Maks: 10

7.3.7 Super leier styl

- Iemand wat ander lei sodat hulle self kan lei. √√
- Iemand wat optree as 'n onderwyser, afrigter, mentor. √√
- Enige ander relevante antwoord rakende super leier styl.

NOTA: SLEGS 3 STYLE. Daarom is submaks 3 x 10 = 30

7.4 GEVOLGTREKKING :

- Vanuit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat verskillende leierskapstyle beïnvloed word deur die aard van die organisasie en die ervaring van die ondergeskiktes. ✓
- Die persoonlikheid van die leier speel 'n integrale deel in die tipe leierskap wat toegepas word. ✓
- Die sukses van die leierskapstyle hang af van die verhouding ✓✓
- Enige ander relevante inligting.

(Enige 2 x 1) (2)

SUBTOTAAL 39: Maks 32

LET WEL: ENIGE DRIE RELEVANTE BESTUURS- EN LEIERSKAPSTYLE IS AANVAARBAAR.

Uiteensetting van puntetoekenning:

Besonderhede	Maksimum	Verminder na	Subtotaal	Totaal
Inleiding			3	
Bestuur en leierskap	4		4	
ENIGE DRIE ALLEENLIK Bestuursstyl 1	Tipe 2 Beskrywing 10 Kommentaar / Toepassing 2	Maks 10	30	Maks. 32
Bestuursstyl 2	Tipe 2 Beskrywing 10 Kommentaar/ Toepassing 2	Maks 10		
Bestuursstyl 3	Tipe 2 Beskrywing 10 Kommentaar/ Toepassing 2	Maks 10		
Gevolgtrekking		2	2	
INSIG *(SASO)				
Struktuur				2
Analise, interpretasie				2
Sinteses				2
Oorspronklikheid, voorbeelde				2
TOTALE PUNTE				40

***SASO – Ken 2 punte toe indien alle vereistes nagekom is.
Ken 1 punt toe indien aan sommige vereistes voldoen is.
Ken 0 punte toe waar aan geen vereistes voldoen is nie.**

VRAAG 8

Jabula Supermark het sekere besigheids- en bestuursfunksies wat deur bestuurders van verskillende departemente binne die organisasie uitgevoer word. Op die jaarlikse algemene vergadering het mnr. N. Nkosi, as algemene bestuurder, gerapporteer dat die kwaliteit van werkverrigting binne hierdie besigheidsfunksies aansienlik tot die sukses van die besigheidsonderneming kan bydra.

Identifiseer en bespreek enige VYF besigheidsfunksies. Ontleed hoe die kwaliteit van werkverrigting van hierdie funksies tot verhoogde winsgewendheid van die besigheid kan bydra. Jou antwoord moet ook insluit of jy met mnr. Nkosi se stelling saamstem of nie. (LO 4 AS 4)

8.1 Inleiding:

- Besighede moet die agt besigheidsfunksies uitvoer wat interafhanklik is ten einde suksesvol te wees. ✓
- Indien die besigheids ondernemings hulle kompeterende posisie wil verbeter sal kwaliteit meer belangrik word. ✓
- Besighede moet kwaliteit kontrole stelsels in plek hê ten einde werk prestasie te monitor. ✓
- Ken 1 punt toe indien die besigheids funksies genoem is.

(3 x 1) (3)**8.2 Besigheidsfunksies:****8.2.1 Algemene bestuur ✓✓****(2)**

- Algemene bestuur moet 'n strategiese plan ontwikkel. ✓✓
- Dit bestaan uit die volgende aktiwiteite: beplanning, organisasie, leiding en kontrole. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord.

(2)**Effektiewe kwaliteit werkverrigting:**

- Top bestuur aktiwiteite word groten deels gemeet deur finale winsgewendheid syfers. ✓✓
- Die onderneming moet daarna streef om 'n positiewe beeld in die gedagtes van verbruikers te skep. ✓✓
- Verbetering kan bereik word deur die stel van hoë maar realistiese mikpunte. ✓✓
- Navorsing kan geloods word om die besigheid se beeld te bepaal. ✓✓
- Vergelyking van syfers op winsgewendheid. ✓✓
- Strategiese beplanning moet in plek wees. ✓✓
- Rapportering en terugvoering op die inwerking stel plan. ✓✓

(enige 2 x 2) (4)

Identifikasie	(2)
Omskrywing (1 x 2)	(2)
Kwaliteitwerkverrigting (2 x 2)	(4)
Maksimum	6

8.2.2 Aankoopfunksie √√ (2)

- Betrokke in al die aankope van grondstowwe of goedere van die regte kwaliteit, hoeveelheid, prys, tyd en plek. √√

(2)

Effektiewe kwaliteitwerkverrigting:

- Onoordeelkundige aankope van grondstowwe en kapitaal goedere het 'n negatiewe invloed op finale goedere √√
- Daar moet 'n identifikasie en keuring van 'n betroubare verskaffer van goedere wees. √√
- Goedere moet die teiken mark bevredig. √√
- 'n Hoë omset snelheid van goedere beteken dat die regte goedere aangekoop word. √√

Nota: Pas dieselfde beginsels toe met Kwaliteit, Tyd en Verskaffer. √√
(enige 2 x 2) (4)

Identifikasie (2)
Omskrywing (1 x 2) (2)
Kwaliteit werkverrigting (2 x 2) (4)
Maksimum 6

8.2.3 Bemerkingsfunksie √√ (2)

- Maak die publiek bewus van wat beskikbaar is deur advertensie, ens. √√
- Bring die goedere binne maklike bereik van die verbruiker deur opberging, distribusie en advertensie. √√

(2)

Effektiewe kwaliteit werkverrigting:

- Verbruikers is deeglik bewus van bemerkings kommunikasie.beleid, bv. aggresiewe advertering van produkte. √√
- Nuwe produkte moet ook geadverteer word om kliënte te lok. √√
- Bewys/koepons wat 'n afslag aanbied, kan ingesluit word in die advertensie om kliente te lok. √√

Nota : Pas dieselfde beginsels toe met prys, produk en distibusie beleid. √√
(enige 2 x 2) (4)

Identifikasie (2)
Omskrywing (1 x 2) (2)
Kwaliteitwerkverrigting (2 x 2) (4)
Maksimum 6

8.2.4 Produksiefunksie ✓✓ (2)

- Verkryging van grondstowwe van die verskillende bronne. ✓✓
- Verwerking van grondstowwe tot finale produkte van 'n voorafbepaalde standaard. ✓✓ (2)

Effektiewekwaliteitwerkverrigting:

- Goedere moet vervaardig word binne redelike koste om kompetend te wees. ✓✓
- Produksie koste berekening sal verseker dat koste binne perke gehou word. ✓✓

Nota : Pas dieselfde beginsels toe met kwaliteit en tyd. ✓✓
(enige 2 x 2) (4)

Identifikasie	(2)
Omskrywing (1 x 2)	(2)
Kwaliteit werkverrigting (2 x 2)	(4)
Maksimum	6

8.2.5 Finansiële funksie ✓✓ (2)

- Bepaal die behoefte aan fondse. ✓✓
- Verkry die fondse vanaf die mees geskikte bronne. ✓✓ (2)

Effektiewe kwaliteitwerkverrigting:

- Die fondse moet effektief aangewend word. ✓✓
- Winsgewindheids verhoudinge moet voorberei word deur die finansiële bestuurder en voorgelê word aan bestuur ten einde te vergelyk en besluite te neem. ✓✓
- Dit word ook beïnvloed deur die krediet invorderings beleid, likiditeits analise en kontant vloei posisie. ✓✓ (enige 2 x 2) (4)

Identifikasie	(2)
Omskrywing (1 x 2)	(2)
Kwaliteitwerkverrigting (2 x 2)	(4)
Maksimum	6

8.2.6 Menslike hulpbronne ✓✓ (2)

- Om die regte persoon vir die regte werk te vind. ✓✓
- Om 'n persoon aan te stel in die posisie waar sy/haar bekwaamhede tot die voordeel van die besigheid aangewend word. ✓✓ (2)

Effektiewe kwaliteitwerkverrigting

- Aaneenlopende opleiding en ontwikkeling van personeel. ✓✓
- Toepaslike opleiding en ontwikkelings programme kan lei tot 'n hoogs stabiele personeel. ✓✓
- Dit lei tot 'n lae omset van personeel. ✓✓

(enige 2 x 2) (4)**Identifikasie (2)****Omskrywing (1 x 2) (2)****Kwaliteitwerkverrigting (2 x 2) (4)****Maksimum 6****8.2.7 Publieke verhoudinge ✓✓ (2)**

- Bevorder 'n positiewe beeld deur te skakel met betrokkenes. ✓✓

(2)**Effektiewe kwaliteitwerkverrigting:**

- Stel gereelde pers verklarings vry. ✓✓
- Deur publisiteit, sal die besigheid 'n positiewe beeld in die gemeenskap geniet. ✓✓
- Die besigheid moet 'n gerespekteerde posisie in die gemeenskap verkry. ✓✓
- Ander bestuurs funksies word beïnvloed deur publieke verhoudinge, bv. verbeterde kliënte verhoudinge. ✓✓
- Negatiewe publisiteit teenwerk. ✓✓

(enige 2 x 2) (4)**Identifikasie (2)****Omskrywing (1 x 2) (2)****Kwaliteitwerkverrigting (2 x 2) (4)****Maksimum 6****8.2.8 Administrasie ✓✓ (2)**

- Verkryging, versameling, prosessering, beskikbaarstelling en die veilig bewaring van inligting. ✓✓
- Besluite word gebaseer op inligting. ✓✓

(2)**Effektiewe kwaliteit werkverrigting:**

- Debiteure rekeningstate word betyds gepos en debiteure betaal op gepaste datums. ✓✓
- Dit verbeter die likwiditeit, kontant vloei en winsgewendheids posisie. ✓✓

NOTA: Pas dieselfde beginsels toe met krediteure en voorraad. ✓✓**(enige 2 x 2) (4)****Identifikasie (2)****Omskrywing (1 x 2) (2)****Kwaliteit van werkverrigting (2 x 2) (4)****Maksimum 6**

8.2.9 Risiko Bestuur ✓✓**(2)**

- Na aanleiding van die King verslag rakende Korporatiewe bestuur, was dit voorgestel dat die risiko funksie 'n bestuurs funksie op sy eie moet wees. ✓✓
- Handel met sake rakende hoe om risiko blootstelling te elimineer, verminder of te voorkom. ✓✓
- Die volgende prosesse is belangrik in risiko bestuur, bv. Risiko identifikasie, risiko analise, risiko kontrole en risiko befondsing. ✓✓

Effektiewe kwaliteits werkverrigting

- Die besigheid moet sisteme in plek stel ten einde risiko's te identifiseer waaraan bloot gestel is. ✓✓
- Elke risiko, selfs sulkes wat beskou word as klein en waarloos moet opgeteken word. ✓✓
- Die risiko kontrole maatreels verseker dat besigheids verliese minimaliseer is. ✓✓
- Voorsiening vir brand uitgange en ontsnapping prosedures kan menslike beserings, ongevallen en oorerledendes in die werkplek voorkom. ✓✓

(enige 2 x 2 = 4)

Identifikasie	2
Omskrywing (1 x 2)	(2)
Effektiewe kwaliteits werkverrigting (2 x 2)	(4)
Maksimum	6

8.2.10 Inligtings Tegnologie(IT) of Bestuurs Inligting Stelsel of Kennis Stelsels.**(2)**

- Bestuur inligting is belangrik omdat die besigheid omgewing dinamies is. ✓✓
- Baie besluite is gebasseer op op historiese inligting. ✓✓

Kommentaar/toepassing

- Betydse beskikbaarstelling van inligting is belangrik. ✓✓
- Besluite gebasseer op nie korrekte inligting kan duur wees. ✓✓
- Maklike elektroniese toegang tot internasionale inligting kan help in besluitneming en help in internasionale handel. ✓✓

NOTA: Maksimum vir enige 5 besigheidsfunksies is 30.**Stem nie saam nie/ Stem saam met mnr. N.Nkosi se stelling.** ✓✓**(2)**

- Meerderheidstaakgerigtheid
- Meerderheidsvaardigheidsgerigtheid
- Samewerking
- Enige ander relevante antwoord verwant aan die impak van kwaliteit werkverrigting in besigheid funksies.

(Refer to insight)

8.3 Gevolgtrekking

- Bogenoemde bestuursfunksies kan nie in isolasie funksioneer nie.
- Die funksies is onderling aanmekeer verbind. ✓
- Kwaliteits prestasie van die besigheids funksies lei tot 'n algehele verbetering en winsgewindheid van die onderneming. ✓
- Deurlopende monitering en evaluering van die prestasie bestuur stelsels moet in plek wees. ✓

(enige 2 x 1) (2)

NOTA: Stem saam/stem nie saam nie kan in die gevolgtrekking ingesluit word. Indien so, moet die gevolgtrekking na 4 punte verhoog word.

SUBTOTAAL 37: Maks

Uiteensetting van puntetoekenning:

Omskrywing van puntetoewysing:					
Besonderhede	Maksimum	Verminder tot	Subtotaal	Totaal	
Inleiding			3	32	
SLEGS ENIGE VYF Algemene Bestuur	Identifikasie 2	Maks 6	30		
	Omskrywing 2				
	Kwaliteit werkverrigting 4				
Aankoopfunksie	Identifikasie 2	Maks 6			
	Omskrywing 2				
	Kwaliteit werkverrigting 4				
Bemarkingfunksie	Identifikasie 2	Maks 6			
	Omskrywing 2				
	Kwaliteit Werkverrigting 4				
Produksiefunksie	Identifikasie 2	Maks 6			
	Omskrywing 2				
	Kwaliteit Werkverrigting 4				
Finansiële funksie	Identifikasie 2	Maks 6			
	Omskrywing 2				
	Kwaliteit werkverrigting 4				
Menslikehulpbronfunksie	Identifikasie 2	Maks 6			
	Omskrywing 2				
	Kwaliteit werkverrigting 4				
Publieke-betrekkinge-funksie	Identifikasie 2	Maks 6			
	Omskrywing 2				
	Kwaliteit werkverrigting 4				
Administrasiefunksie	Identifikasie 2	Maks 6			
	Omskrywing 2				
	Kwaliteit werkverrigting 4				
Stem saam/stem nie saam nie					2
Gevolgtrekking					2
INSIG *(SASO)					
Struktuur				2	
Analise, Interpretasie				2	
Sintese				2	
Oorspronklikheid, Voorbeelde/aanbeveling				2	
TOTALE PUNTE				40	

Indien saam stem/nie saam stem nie deel is van die gevolgtrekking, ken in maksimum punte van 4 toe.

***SASO – Ken 2 punte toe indien alle vereistes nagekom is.**

Ken 1 punt toe indien aan sommige vereistes voldoen is.

Ken 0 punte toe waar aan geen vereistes voldoen is nie.

TOTAAL AFDELING C : 80

GROOTTOTAAL: 300